



Lêerno.: 23/2/13/1 Teacher Development Courses and Webinars  
Verwysing: 20230424-3760

Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituutminuut: 0003/2023

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Subdirektorate en Afdelings (Hoofkantoor), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

**Onderwerp: Kursusse en webinare vir onderwyserontwikkeling wat in Kwartaal 2 en 3 (2023) en Kwartaal 1 (2024) by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut aangebied sal word**

1. In Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituutminuut 0008/2022 van 12 Desember 2022 het die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) aangekondig dat dit weer, tydens skoolkwartale of gedurende skoolvakansies, SARO-ondersteunde kursusse, webinare en seminare vir onderwyserontwikkeling aan prinsipale, adjunkprinsipale, departementele hoofde en onderwysers sal bied.
2. Die bogenoemde minuut het verder vermeld dat slegs kursusse vir Kwartaal 1 beskikbaar sal wees en dat verdere kommunikasie aangestuur sal word om kursusse wat vir Kwartaal 2 en 3 beskikbaar sal wees, by te werk.
3. Hierdie minuut dien om skole en onderwysers in te lig oor alle professionele leergeleenthede vir onderwysers wat deur KOLI aangebied word, d.w.s. alle kursusse en webinare wat vir Kwartaal 2 en 3 van 2023 (Bylae A.1) en Kwartaal 1 van 2024 beskikbaar is.
4. Alle kursusse en webinare wat deur die KOLI in Kwartaal 2 en 3 (2023) en Kwartaal 1 (2024) aangebied sal word, is op die KOLI se webwerf beskikbaar: [www.wcedctli.co.za](http://www.wcedctli.co.za).
5. Kursusse sal in verskillende modaliteite aangebied word en sal aanlyn sessies, kontakssessies of 'n gemengde modus insluit, d.w.s. 'n kombinasie van aanlyn en kontakssessies. Die toepaslike modus word in Bylae A.1 aangedui.
6. Onderwysers wat belangstel om hierdie kursusse by te woon, moet via die KOLI-webwerf registreer (die aanmeldings- en registrasieproses word in Bylae B uiteengesit).

7. Waar kursusse via kontakssessies aangebied word, d.w.s. vir 10 aaneenlopende dae, sal die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aflosonderwysers in diens neem vir die duur van hierdie kursusse wat gedurende skoolkwartale deur onderwysers by die KOLI bygewoon word, met dien verstande dat:
- daar geen botallige onderwyser by die skool is nie;
  - die onderwyser nie 'n onderwyser is wat deur die beheerliggaam betaal word nie; en
  - die onderwyser nie reeds vir 'n ander onderwyser waarneem nie.
8. Dit is die skool se verantwoordelikheid om 'n geskikte aflosonderwyser te vind en te benoem vir 'n onderwyser wat die kursus bywoon, soos in paragraaf 7 genoem. Verwys asseblief na die WKOD se Omsendbrief 0036/2022 van 22 September 2022 met betrekking tot die aanstelling van ongekwalifiseerde onderwysers.
9. Die aantal onderwysers wat kontakssessies bywoon, sal beperk word volgens die lokaal se kapasiteit.
10. Moet asseblief nie huiwer om met die volgende KOLI-programkoördineerders in verbinding te tree om meer inligting oor die KOLI se professionele leergeleenthede vir onderwysers te bekom nie:

Naam	Tel.	E-pos
<b>Kursusse en seminare vir skoolbestuur en leierskapsontwikkeling en professionele ontwikkeling</b>		
Tamaryn Petersen	021 900 5039	<a href="mailto:Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za">Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za</a>
Cleopatra Pienaar	021 900 5039	<a href="mailto:Cleopatra.Pienaar@westerncape.gov.za">Cleopatra.Pienaar@westerncape.gov.za</a>
<b>Kursusse en webinare vir Grondslagfase</b>		
Magdalena Benn	021 900 5016	<a href="mailto:Magdalena.Benn@westerncape.gov.za">Magdalena.Benn@westerncape.gov.za</a>
Lucia Booysen	021 900 5054	<a href="mailto:Lucia.Booyesen@westerncape.gov.za">Lucia.Booyesen@westerncape.gov.za</a>
<b>Kursusse en webinare vir Intermediêre Fase en Senior Fase</b>		
Natasha Fouché	021 900 5018	<a href="mailto:Natasha.Fouche@westerncape.gov.za">Natasha.Fouche@westerncape.gov.za</a>
<b>Kursusse en webinare vir Inklusiewe Onderwys</b>		
Liesl Robinson	021 900 5020	<a href="mailto:Liesl.Robinson@westerncape.gov.za">Liesl.Robinson@westerncape.gov.za</a>
<b>Kursusse en webinare vir Verdere Onderwys- en Opleidingsband</b>		
Gaironesa Daniels	021 900 5055	<a href="mailto:Gaironesa.Daniels@westerncape.gov.za">Gaironesa.Daniels@westerncape.gov.za</a>
<b>Seminare en webinare vir IKT-integrasie-intervensies</b>		
Christo Davids	021 900 5021	<a href="mailto:Christo.Davids2@westerncape.gov.za">Christo.Davids2@westerncape.gov.za</a>

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2023-05-02